# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

# Nagmaal

## Die vyfde kruiswoord—"*Ek is Dors.*"

**Skriflesing**:
Joh 19:28-37

**Teksvers**:
Joh 19:28

**Sing**:
Ps 84-1:1,3
Ps 102-1:1
Ps 42-1:1
Ps 69:21
Sb 17-3:1,2
Ps 16-1:1-3, 4...
Ps 92-1:2,3
Sb 14-1:2,3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Jesus Christus was waarlik dors as mens. Na drie ure duisternis en van God verlate, was Hy verskriklik dors. Hy wou nie die pyn-verdowende asyn-wyn drink nie, omdat Hy die volle toorn van God moes dra.

Hierdie dors is reeds van geprofeteer in Ps 22:16 waar gesê is sy tong kleef aan sy verhemelte. Maar die dors het ook 'n geestelike kant gehad en dit het ons gesing uit Ps 42:1. Jesus was ontsettend dors, dors na die vrede en ewige heerlikheid by God.

Daarom is dit so belangrik dat ons daaruit sal leer:

- Is jy dors?
- Les jou dors!
- Les jou dors verniet

**S O N D A G A A N D 18:00**

# Geloof red

**Skriflesing:**
Johannes 3:1-21

**Teksvers:**
Johannes 3:14-16

**Sing**:
Ps 48:1, 4
Ps 23:3
Ps 118:1-2
Ps 32:3, 6
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Die sakramente is daar om ons geloof te versterk. Want sonder geloof, kan ons nie tot God nader nie. So baie mense in die moderne wêreld verloor hulle geloof. Moderne wetenskap maak dit skynbaar irrelevant om te glo. God se bestaan word betwyfel en met alles wat geld kan koop, is geloof boonop oorbodig.

Ons geloof is egter uiters kosbaar, en ons moet dit nie as vanselfsprekend beskou nie. Immers, geloof red.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 09 13 Maart 2022**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## Selfondersoek voor die Nagmaal

**Hoekom** is dit nodig om onsself te ondersoek voor die nagmaal, om selfondersoek te doen Dit gaan nie daaroor dat ons 'n lys van ons lewe moet maak en so selfondersoek doen, of ons uit onsself werd is om die heilige nagmaal te vier nie. Dit gaan daaroor dat jy weet jy is uit jou eie, nie werd om die nagmaal te vier nie, maar dat dit alleen in en deur Jesus Christus se soenverdienste kan en mag en moet geskied.

**Maar dan moet jy eers selfondersoek doen** en jou sondes erken en bely. Jy moet kyk of jy moedswillig in jou sondes volhard, doen jy dit doelbewus elke dag sonder om daaroor berou te hê, dan is jy op die verkeerde pad. Jy moet jouself elke dag voor God verootmoedig. Jy moet jou sondes erken en bely en daaroor vergiffenis vra, dan kan jy voor God gaan staan. Dan weet jy dat Jesus Christus vir jou sondes, ten duurste met sy eie liggaam en bloed, aan die kruis betaal het. Dan weet jy Hy is jou advokaat wat vir jou by God intree. En dit is juis hierdie wete wat maak dat jy die heilige nagmaal kan vier.

**As jy jou vertroue absoluut op Jesus Christus stel,** dan kan jy verseker wees dat jou oortredinge vergewe is. Dan moet ons ook daarna strewe om elke dag al heiliger te leef. Ons moet die sonde aflê en tot eer van God leef. Ons moet 'n absolute dankbaarheids-lewe leef tot eer van God en in ware liefde vir ons medemens. Selfondersoek bring ons ook by die verlede, hede en toekoms.

**Verlede:** Jesus Christus het alreeds vir ons sondes betaal met sy liggaam en bloed.

**Hede:** Jesus Christus is nou elke dag by ons en met ons, want Hy is die Hoof van die kerk, Ef 1:22.

**Toekoms:** Jesus Christus is ook die Bruidegom wat in die hemel vir ons 'n bruilofsmaal voorberei.

Mag ons elkeen dan opreg selfondersoek gedoen het en so met vrymoedigheid nagmaal gebruik.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Vrug van die Gees!*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Koningskinders

Skep-Hoop-Fonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Thusofonds

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:** Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
| --- | --- | --- |
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



en programme begin voorsien in ons huidige opleidingsbehoeftes ten opsigte van predikantsopleiding asook ander toerusting in die kerke en wyer.

Aan die GTA vorm beroepe professore 'n eie Raad, om in die besonder na GKSA Kandidate vir predikantsopleiding om te sien. Dit word in samewerking met die Kuratorium gedoen. Dit beteken dat die huidige Teologiese Skool in die GTA voortgesit word. Dit gaan hierin spesifiek om die kerklike kant en vereistes vir toelating tot die amp van bedienaar van die Woord in die GKSA. Oor die inrigting en volledige funksionering van die GTA sal Sinode 2023 besluite moet neem.

Finansieel word voorsien dat die totstandkoming van die GTA geen ekstra las op die kerke behoort te plaas nie. Bestaande reëlings rondom traktering van ons professore en ander personeel aan die TSP sal onveranderd voortgesit word. In 'n nuwe ooreenkoms met die NWU word voorsien dat ons professore, gebaseer op die kerklike bydrae tot hulle vergoeding, aan die GTA sal kan klas gee. Klasgelde van studente sal aan die betrokke instansie, waar die student geregistreer is, betaalbaar wees. Dit sal 'n inkomste vir die GTA skep.

Ons vertrou dat die Here ons in hierdie tyd van verandering sal bly lei en bewaar. Die kerke se voorbidding en ondersteuning in hierdie krities belangrike saak is en bly van groot belang. Mag die Here gee dat die Gereformeerde teologiese opleiding in Suid-Afrika van krag tot krag sal groei: tot sy eer en tot opbou van sy kerke.

As u navrae oor die GTA het, is u baie welkom om dit aan een van ondergetekendes te rig.

Vriendelike groete

Dr Gerard Meijer: Voorsitter Kuratore
gerardjmeijer@gmail.com

Dr Deon Lartz: Ondervoorsitter Kuratore
lartzdeon@gmail.com

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Eljada Huis

**Volledige behoeftelys:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

Geagte kerkraad,

**Ontwikkeling in teologiese opleiding**

Ons Teologiese Skool het 'n ryk geskiedenis. Vanaf sy ontstaan in 1869 is dit duidelik hoe die Here vir die Teologiese Skool gesorg het. Met verloop van tyd is honderde manne daar opgelei en toegerus om as bedienaars van die Woord in die Here se kerk en koninkryk werksaam te wees.

Gedurende die vorige eeu was die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) deur middel van ooreenkomste verbind aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) en gevolglik aan die Fakulteit Teologie. Sedert 2004 setel die TSP in die Skool vir Predikantsopleiding van die Fakulteit Teologie, Noordwes-universiteit (NWU).

'n Ooreenkoms tussen die GKSA en NWU verskans die belange van die kerke in die teologiese opleiding deurdat die kerke professore beroep, wat dan deur NWU in die Fakulteit Teologie aangestel word. Die GKSA neem verantwoordelikheid vir 'n gedeelte van beroepe professore se vergoeding, terwyl die Jan Lion Cachet Biblioteek en die TSP gebou met NWU gedeel word. In die lig van Hoëronderwyswetgewing het die Raad van NWU versoek dat die bestaande ooreenkoms tussen die NWU en die GKSA ingrypend hersien moes word. Kragtens wetgewing het die Universiteit alleenseggenskap oor die kurrikulum en aanstellings in die Fakulteit Teologie. Dit het deurslaggewende konsekwensies vir die opleiding van ons teologiese studente. Vir die kerke is dit naamlik ononderhandelbaar dat opleiding deur beroepe professore aan die hand van 'n kurrikulum geskied wat deur die kerke se Kuratorium goedgekeur is. Dit gaan immers om opleiding vir die amp van Bedienaar van die Woord.

Algemene Sinode 2018 het aan die Kuratore opdrag gegee om deurlopend alle moontlikhede te ondersoek om die gereformeerde opleiding van kandidaatstudente te verseker. Ooreenkomstig hierdie opdrag is die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) deur die Kuratorium opgerig. Die doelstelling is om te voorsien in die opleidingsbehoeftes van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika, sonder om dit uitsluitlik tot die Gereformeerde Kerke te beperk. Die proses om die Akademie as 'n Privaat Voorsiener van Hoër Onderwys te registreer is van stapel gestuur. Dit sal uiteindelik meebring dat ons Akademie geakkrediteerde grade kan toeken. Ondertussen kan die GTA deur middel van kortkursusse



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Mrt | Jaap | Hogendoorn | B16 | 27823442868 |
| | Bennie | Kotze | C15 | 27824444942 |
| 14 Mrt | Ignus | van Rooy | C13 | 27760584306 |
| | Francia | Wait | A13 | 27842133213 |
| 15 Mrt | Gerrit | Beumer | C07 | 27825725235 |
| | Loura | Bye | C05 | 27798063325 |
| | Esther | du Plessis | B09 | 27718682257 |
| | Karen | Kirsten | C14 | 27720821547 |
| 16 Mrt | Hendrik | Botma | B03 | 27825790285 |
| | Jan | Erasmus | C09 | 27828833346 |
| | Liza | Pieters | C07 | 27723780802 |
| | Charne | Prinsloo | B04 | 27824689771 |
| | Christelle | Steyn | C06 | 27720607107 |
| 17 Mrt | Zirk | Pretorius | C14 | 27824697801 |
| | Petro | Rabe | C09 | 27824979342 |
| | Wynandt | van Wyk | A08 | 27722253843 |
| 18 Mrt | Marisha | Cronje | A16 | 27824517106 |
| | Maryke | Mulder | C12 | 27829680474 |
| | Inge | Pelser | B05 | 27632210318 |
| | Inge | van Rooy | C13 | 27823452759 |
| 19 Mrt | Casper | Cassidy | B13 | 27824130372 |
| | Marco | Els | B01 | 27826181248 |
| | Magriet | Erasmus | B12 | 27828554217 |
| | Sumei | v Antwerpen | A08 | 27835564276 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13 Mrt | Alexander | van Wyk | A08 | 27833163781 |
| 18 Mrt | Luanri | Venter | A04 | 27714855995 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"... Moenie bang wees nie."* Mark 6:50

- **Johan Wiegand** sterk aan na 'n prosedure (A11—082 498 6314).
- **David Faber** sterk aan na 'n breukoperasie (C7—663 4004).
- **Pieter Rottier** is baie verswak en word steeds tuis versorg (A7—664 5310).
- **Meelewing** word betuig met Marietjie Smit na die afsterwe van haar dogter Marnie gedurende die week.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk

♥ Janes en Liana van Rooy met die geboorte van Wico.

# Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.

**ETE NA AFLOOP VAN DIE NAGMAAL**
**13 MAART 2022** om 12:00
Almal word hartlik uitgenooi!!

**Beroepe ontvang**—Ds GJJ vd Merwe (Giepie) van GK Pretoria-Annlin na GK Wierdapark.

**Susterssaamtrek** se opening en praatjies van dr Gustav Gous en Amore Bekker is beskikbaar op ons webwerf en by Kerkdienstgemist. Laat weet gerus soveel mense moontlik om die skakel te volg en dit bekend te maak.

## Alethea Outreach
## 11:00

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KONINGSKINDERSLIED

Kom kinders kom sing nou 'n vrolike lied
want ons is gelukkig al ken ons verdriet
want God is ons Vader die Koning van ons hart
en Hy dra ons altyd in voorspoed en in smart
*Refrein:*
Koningskinders dit is ons naam
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Ons gaan deur die lewe gelukkig en bly
met Christus ons Heiland getrou aan ons sy
wie sou Hom nie prys nie sy grote Naam ter eer
want Hy's ons Verlosser ons Redder en ons Heer
*Refrein:*
Koningskinders dit is ons naam
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

Al gaan in ons lewe nie alles steeds goed
met stryd en met strewe behou ons die moed
Gods Gees en die Bybel vertel ons altyd weer
Dat God kinders lief het wat leef tot sy eer
*Refrein:*
Koningskinders dit is ons naam
want God is ons Vader en Hy gaan altyd saam.

## GTA



Sondagaand, kwartaal afsluiting
Waffels en roomys
in die Grot


***SIE' DAAR DIS DIE LAM VAN GOD***
***Paasspel aangebied deur***
***CENTURION CANTUS***
*Venue: Gereformeerde Kerk Centurion*
*Datum: 8 April 2022 Tyd:19:00*
*Toegangsfooi: R60.00*
*Kontakpersone: Estelle 071 682 6517*
*Dianne 082 558 0591*

**Hennie van Rooyen Belasting Konsultant.** Persoonlikebelasting; kleinsake ondernemings; BTW; boere. Skakel my by 082 932 5634 of epos: hennievr.tax@gmail.com.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Pieter Wolmarans 08394988 99.

**Eerstejaar haarkapperstudent** soek dames om te gebruik tydens haar prakties. Geen kostes.. Suné Hermann 0763923594.

# Kerkkamp 2022



Kom voed jou **GEMOED** en **SIEL**
met die **Vrug van die Gees**
te Udolpho Rivierplaas!

**22 tot 24 April 2022**

'n Naweek van rus en vreugde gelei deur
Di. Maarten en Lourens op 'n reis van vervulling.

Koste vir die hele naweek:
Chalets: Volw R 580 pp; kinders R 320 pp
Kamp: Volw R 280 pp; kinders R220 pp

**Belangstellendes kan Louise en Didrich ontmoet onder die olyfboom na die oggenderediens vir verdere inligting.**

## Alethea Ministry

Alethea Ministry is 'n evangelie aksie van die Centurion Gereformeerde Kerk om die suiwer Woord aan alle nasies te verkondig en die liefde van God aan alle mense te bewys.

Ons dank die Here vir ons bediening by Alethea en die werk wat ons daardeur kan doen; ons kry verskeie kere besoekers wat die suiwer Woord hier kan hoor en ander gelowiges kan ontmoet.

Ons het ons leed gehad, met lidmate wat met kanker gediagnoseer is en behandeling ontvang het of steeds ondergaan, gevalle van covid, operasies en mense wat vertrek het, maar ook vreugde weens nuwe mense wat gereeld kom. Ons het ook 'n paartjie wat herverenig is en in die huwelik bevestig is. Ons kon hulle ook bedien en in hul vreugde deel. Dario Schouland het sy permanente burgerskap permit ontvang, waarvoor ons ook gebid het en die gesin is so verlig. Ons het geleenthede gehad om saam te jubel en ook mekaar se laste te help dra.

Al drie predikante is betrokke in die bediening en ons waardeer al hul insette en Woordbediening. Ons dank God vir hulle.

Bo alles het ons as Alethea die Here se liefde en versorging ervaar, ook in die gemeenskap van die heiliges in hierdie bediening.



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**
Ouderlinge: Louis Bloemhof, Christoff van Wyk, Izak Erasmus, Jan-Hendrik van Wyk, Paul Hugo
Diaken: Gerhard du Plessis
**Onthef van die Roeping as:** Oudl: Camelius van der Riet

## Attessake soos op 10 Maart 2022

Met attestasie aangesluit
Karen Pretsch van GK Rietvallei (C07)
Johan & Elize Hoogendyk en 2 dooplidmate van GK Waterkloofrand (A01)
Faan & Lina Schutte van GK Nelspruit (A12)
Clariska Venter van GK Cachet (B06)
Tineke Vegter van GK Totiusdal (B07)
Pierre & Nadine Venter en 2 dooplidmate van GK Rooihuiskraal (B14)
Lappies & Monica Labuschagne van GK Oos-Londen (C15)
Silvia Botha van GK Meyerspark (A12)
Janetta Wiid van GK Derdepoort (B07)
Marlene Nel van GK Nelspruit (C01)
Suné Hermann van GK Laeveld Tzaneen (C08)
Rudolf Marais van GK Wapadrand (A )
Hanneke Swanepoel van GK Rietvallei (A )
Emeritus Dr Douw & Elize Breed van GK Waterkloofrand (A )
Riaan & Cecile Henning en 1 dooplidmaat van GK Kathu (B12)

Met attestasie vertrek
Andries & Helene Kruger en 3 dooplidmate na GK Rietvallei (A10)
Thys & Elsabé Erasmus en 3 dooplidmate na GK Pongola (A11)
Hugo & Salome du Plessis en 2 dooplidmate na GK Wapadrand (A12)
Marius & Marie Zwemstra en 1 dooplidmaat na GK Worcester (A12)
Jaco & Ashley Wentzel en 2 dooplidmate na GK Kaapstad (C15)
Pieter & Miekie van der Merwe en 2 dooplidmate na Nederland (C10)
Michelle Yaffe en 3 dooplidmate na GK Strand (Argief)
Buks & Ina Kotze vertrek na GK Wapadrand (C03)
Pieter du Plessis vertrek na GK Annlin (A12)
Liana van Zyl vertrek na GK Cachet (C13)
Ria van der Westhuizen na GK Cachet (C15)
Jana Venter na GK Stellenbosch (C13)
Helena Gildenhuys na GK Kaapstad (C13)
Henré Sweers na GK Cashet (A05)

Gemeenskap beëindig
Orné Kruger na NG Doorkloof (C04)
Arista Gouws na NG George (B15)
Elmarie Blaauw na APK Verwoerdburg (C11)
Elzé Vermaak na NG Kerk Magalieskruin (Argief)
Jeanine Pretorius na KSM (B17)
Lodine Snyman en 2 dooplidmate na KSM (B10)
Martin & Magda van Rooyen en 2 dooplidmate na Herv Kerk Midstream (C15)

Opname
Petri en Elané Pienaar en 2 dooplidmate vanaf APK (B13)
Andre van Niekerk vanaf NG Magalieskruin (C14)
Fanie en Bella Lansberg vanaf NG Hermanus (C6)

Argief
Schalk & Maryke du Plessis en 1 dooplidmaat (E01)
Christi Kruger (B16)

## FINANSIËLE VERSLAG VAN DIE KERKRAAD AAN DIE GEMEENTE
## SOOS OP 31 DESEMBER 2021

| INKOMSTE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2021 | | | | 2022 |
| ITEM | WERKLIK | BEGROOT | AFWYKING | NOTA'S | BEGROOT |
| Dankoffers | R 5 761 251 | R 4 936 000 | 16.7% | 1 | R 6 060 000 |
| Deurkollektes | R 151 683 | R 120 000 | 26.4% | 2 | R 147 000 |
| Selfoonmaatskapye | R 375 997 | R 365 000 | | | R 400 000 |
| Ander | R 56 391 | R 23 000 | 145.2% | | R 20 000 |
| **TOTAAL** | **R 6 345 322** | **R 5 444 000** | 16.6% | 3 | **R 6 627 000** |
| **UITGAWES** | | | | | |
| ITEM | WERKLIK | BEGROOT | AFWYKING | NOTA'S | BEGROOT |
| Personeelkostes | R 4 149 513 | R 3 920 590 | -5.8% | 4 | R 4 486 657 |
| Ramings | R 1 130 619 | R 988 000 | -14.4% | 5 | R 1 187 000 |
| Munisipale kostes | R 145 360 | R 100 000 | -45.4% | 6 | R 140 000 |
| Finansiële kommissie | R 212 634 | R 188 500 | -12.8% | | R 234 000 |
| Administrasie | R 105 157 | R 112 000 | 6.1% | | R 130 000 |
| Bedieningskommissie | R 1 500 | R - | | | R 10 000 |
| Katkisasie kommissie | R 11 028 | R 23 500 | 53.1% | | R 45 000 |
| Evangelisasie | R 366 682 | R 396 600 | 7.5% | | R 499 000 |
| Instandhouding | R 93 927 | R 117 000 | 19.7% | | R 130 000 |
| Jeugaktiwiteite | R 10 339 | R 15 000 | 31.1% | | R 30 000 |
| Ander | R 44 886 | R 95 300 | 52.9% | | R 150 000 |
| **TOTAAL** | **R 6 271 645** | **R 5 956 490** | -5.3% | 7 | **R 7 041 657** |
| **INKOMSTE BO UITGAWES** | **R 73 677** | **-R 512 490** | | 8 | **-R 414 657** |

**NOTAS TOV 2021**

1. Dis met groot dankbaarheid dat ons kan rapporteer dat ons inkomste heelwat beter was as wat verwag was. Anders as by vele ander gemeentes het ons dankoffers nie veel verminder weens die Covid pandemie nie. Ons het dus ruim bo begroting geëindig. Plaas ons dit in 'n ander perspektief is dit selfs marginaal (3%) beter as wat begroot was vir 2020.
2. Deurkollektes het ook mooi bo begroting geëindig.
3. Ons inkomste het dus weens die voorafgaande wesenlik bo begroting geëindig.
4. Teen Oktober verlede jaar was dit duidelik dat ons bo begroting sou eindig. Die Kerkraad het toe besluit om wel die jaarlikse dertiende tjeks te betaal. Gevolglik het personeelkostes bo begroting geëindig.
5. Tydens verlede jaar se begroting het ons ramings met ongeveer R200 000 onder ons verpligting begroot. Weens die goeie inkomstes kon ons ons verpligting ten volle nakom en het ons gevolglik die begrote syfer oorskry.
6. Ons munisipale kostes het die begroting oorskry omdat ons 'n regstelling ontvang het wat 'n jaar terug gedateer het.



7. Weens die voorafgaande drie items het ons dus ons begrote uitgawes met ruim R300 000 oorskry.
8. Die somtotaal van die voorafgaande is dat ons steeds ons begroting met ongeveer R585 000 oorskry het.

Met inagneming van al die voorsienings het ons reserwes op ongeveer R1m te staan gekom. Gegewe die begrote tekort vir 2022 en die Kerkraad se besluit om te alle tye 'n reserwe van R500 000 te handhaaf kan ons dus stel dat die Kerkraad se finansies gesond is.

Die afgelope 2 jaar was 'n uitdagende periode. Andermaal sien ons, ons Hemelse Vader se hand hier. Hy het die Kerkraad gelei met al die besluite wat geneem is. Ook het hy in almal se harte gewerk om so getrou ons dankoffers af te dra.

FINANSIëLE KOMMISSIE

Vir navrae kan u Gerrit Beumer kontak by gerrit@uniplug.co.za of 082 572 5235

**Bybelskool van Centurion 2022**

bied aan

*Die Christen en sy werk*

Begin datum: **3 Mei 2022**

(vir 8 weke)

**Almal welkom**

**Plek**: Geref Kerk Centurion Kerksaal Basdenlaan 224, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: **Ds Lourens Venter**
**Inskrywings**: Ellouis 012 664 2614 (Kantoor)
Hein Kaiser 082-7727718

*"Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie . . ."* (Eksodus 20: 9, 10a)

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**13 Maart 2022**
C14 Gerti Erasmus
B18 Cecilia Wolmarans
A14 Gwendy Gourley

**3 April 2022**
C13 Tia Grünenfelder
B17 Nicoline Jonker
A13 Hannie vd Bergh



## Senior Aksie

**Maandag, 14 Maart**

**om 10:00 in die kerksaal**

Petro Slater van Huis Eljada gaan ons kom inlig oor hul doel en werksaamhede. Ons gemeente reik uit na hierdie Huis en hulle is baie dankbaar vir elke vorm van donasie wat ons aan hulle skenk.

Indien jy meer van hulle bedrywighede wil weet, kom luister na wat Petro vir ons gaan vertel. Jy hoef nie 'n "*senior burger*" te wees om dit by te woon nie – kom kry antwoorde op jou vra!!!

Op die kennisgewingbord is daar 'n nuusbrief en behoeftelys ter inligting. Hulle bak ook koekies, beskuit en koeksisters om hulle fondse aan te vul. Soms lê hulle ook groente in en maak gemmerbier! Bestellings kan geplaas word en op 14 Maart gaan hulle ook van hulle produkte te koop aanbied.

Bring gerus 'n geldjie daarvoor saam en as jy enige produkte wil skenk, kan dit saam gebring word. Op Sondae is daar 'n trollie onder die Olyfboom waarin donasies ook geplaas kan word.

Almal is baie welkom en kom kuier gesellig saam met van die inwoners wat die dag saam met ons gaan deurbring.